

Donderdag 25 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 28:19-20; Lukas 10:1-11

Fokusgedeelte: Matteus 28:19

Hemelvaart: Die groot opdrag

Net voor sy hemelvaart het Jesus aan sy dissipels verskyn om sy toekoms-tige doel met sy kerk bekend te maak. Onthou: Hulle was die apostels wat sou uitgaan om die Here se kerk op aarde te vestig. Toe nog was *hulle* die kerk.

Wat is die opdrag waarmee Jesus sy kerk – elkeen wat in Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker glo – uitgestuur het? Die opdrag is: Julle moet gaan! Gaan in opdrag van Koning Jesus Christus. Hy stuur jou en my om na die nasies uit te gaan.

Ja ... na die *nasies* toe! Na alle mense toe. Na almal wat oor my lewenspad kom. Nie net na sekere toe nie. Nie net waar dit vir my gerieflik en gemaklik is nie. Na die bruines, die swartes, die pienkes, die wittes en die geles ... na almal toe.

Waarom moet ek na hulle toe gaan? Om vir hulle van die Here te vertel. Vertel hoe Hy Homself in die Woord aan ons bekendgemaak het. Vertel van sy liefde vir sondaarmense deurdat Hy sy Seun Jesus Christus gestuur het om vir ons sondes aan 'n kruishout te sterf.

Vertel ... ja! Maar ek moet ook *trek*! Met my dade moet ek nadertrek. Met my andersheid as die wêreld moet ek trek. Ek moet hulle trek om self ook as dissipels te buig voor Jesus Christus, die Koning der konings.

Gaan dan uit, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees!

Sing: Psalm 40:4

Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)